Uitverkore vir ’n nuwe leefstyl!

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif: Kol.3:12-15

Het jy ook al ’n briefie of oproep gekry dat jy die gelukkige persoon is om ’n kompetisie te wen? Dis darem ’n lekker gevoel, nie waar nie!

Jare gelede toe ek die eerste jaar in Potchefstroom gebly het, was die Lenteskou nog ‘n belangrike gebeurtenis in die dorp. Toe het al wat leef nog daarheen gestroom. Ek het ook daardie jaar die skou bygewoon. Een van die stalletjies van Sanlam het ’n kompetisie gehad. Jy moes ’n speldjie op ’n kaart indruk. Die vraag is, waar is die rykste goudrif (goudmyn) op die kaart. Ek het nie die omgewing geken nie. Ek het geglo dat die mense van die streek hul omgewing ken. Ek het bloot gekyk waar die meeste koppiespelde op die bord ingedruk was en myne in die middel van die bondel ingedruk en ’n kaartjie ingevul. Die week na die skou het ek gehoor dat ek ’n paar rand in ’n effektetrust gewen het. Dit was ’n lekker gevoel… Ek was uitgekies tussen baie ander (al het ek dit nie werklik verdien nie). Ons noem dit genade.

• Uitverkore

Een van die huisouers by ’n kinderhuis vertel aan my hoe die kinderhuis kinders elke jaar uitsien na ’n lekker vakansie. Daar is altyd ’n paar kinders wie se ouers of familie hulle nie kom haal nie. Die kinders weet hulle is vergeet. Soos ’n hondjie weggegooi! Die tragiese is wanneer die vakansie aanbreek en daar twee of drie kinders oorbly wat geen heenkome het nie. Hoe voel die kind? *“Ek is nie goed genoeg nie? Niemand wil my hê nie...”*

In **Kol.3:12** tref die sinsnede “Julle is die uitverkore volk van God, wat Hy baie liefhet…” (**Die 1933 Afrikaanse vertaling sê: beklee julle dan as uitverkorenes van God met...** die beeld van ‘n gepaste **kledingstuk** wat jy moet aantrek, om te lyk soos Christus. Uit vers 14 blyk dat hierdie kledingstuk, die **liefde** is!)

Die rede vir ons omgee en bymekaar wees, gaan dus nie net eensydig oor ons lekker saam wees nie. Die inisiatief vir ons saamwees kom van God af. Hy het in

Sy groot liefde en genade vir ons, besluit om ons tussen 6.5 Biljoen mense uit te kies en ons gebroke verhouding met God kom herstel deur sy Seun Jesus in ons plek vir ons sonde aan die kruis te laat betaal. Hier kom dus dadelik ’n nuwe dimensie by wat maak dat ons graag as gelowiges saam wil wees. ***Ons besef ons is deur Jesus se bloed gereinig van sonde. Ons is ’n unieke familie van gelowiges wat uit genade deel kry in God se familie en die voorregte wat daarmee gepaardgaan!***

Hierdie woordjie **ons is uitverkore**, sê dus dat bo en behalwe die vrywillige lekker saamwees, is daar iets groter wat ons saambind. **Ons is bloedfamilie**. Ons is boeties en sussies in Christus. Ons sal so ware familie mekaar nie sommer in die steek laat nie. Ware familie tree tog anders teenoor mekaar op as wat hulle teenoor vreemdelinge sou optree! Familie doen meer moeite met mekaar, offer meer op vir mekaar en moedig mekaar aan. Ons kan dit waag om te sê familie verdra mekaar selfs meer as wat ons buitestanders sal verdra. Familie gee dus regtig om vir mekaar!

God het jou uitverkies en jou die geleentheid gegun, om ’n nuwe lewe in Christus se familie te leef.

Vers 12 begin deur te sê julle is uitverkore (volk) familie van God wat Hy baie liefhet, daarom moet julle:

Daar is dus sekere gedragskodes wat God van ons verwag binne hierdie nuwe familie. Kom ons bespreek nou die leefstyl wat God van sy familie (sy liggaam, die kerk) verlang. Ons moet...

1. Meelewend wees

Meelewendheid is ons eerste gedragskode in die nuwe familie van God. Familie gee om vir mekaar. Hulle deel in mekaar se lief en leed. Hulle is bly saam met die wat bly is en treur saam met die wat treur. Jy is bly oor elke familielid wat sukses behaal, maar is ook hartseer saam met elkeen wat teleurstellings beleef. Dit maak ’n familieleefstyl lekker! Familie leef dus nie individualisties nie. Ek loop nie by iemand verby en as ek hoor van sy probleem dan dink ek: “So What!” nie. **Familie is besorg oor mekaar!**

Wanneer jy die "*kannie worry*" houding inslaan, dan is daar probleme. Net so in regte gesinne is daar dan iets fout. Verhoudingsprobleme gee dikwels aanleiding tot 'n "ek gee nie om nie!" leefstyl.

- **Onthou meelewing is nie net deelname aan projekte en bedieninge in die gemeente nie.** Dit ook ja. Die meelewing waarvan egter hier gepraat word is 'n omgee vir mekaar.
- Meelewendheid begin ten diepste by opregte omgee liefde en belangstelling en besorg wees oor mekaar. Dit loop dan outomaties oor na **betrokke raak by mekaar** en by mense wie God op jou hart lê.
- Mense wat nie uitverkore is nie, met ander woorde wat nie deel van God se verloste kinders geword het nie, sukkel om meelewend te wees. Dit word vir buitestanders 'n plig en 'n werk. Vir die wat familie is, is dit egter iets wat hulle graag wil doen. **Daardie omgee vir mekaar kan net deur die Heilige Gees in ons hart uitgestort word.**

Toets jouself of jy die tweede eienskap besit:

2. Goedgesind

Goedgesindheid, is ons tweede gedragskode in die familie van God. As jy jouself betrap dat jy iemand verwens, of kwaad dink en praat (skinder) van die persoon, moet jy weet jy het probleme. Jy is dan nie gekleed met God se liefde nie!
Wanneer jy omgee vir iemand, sal jy daardie persoon nie wil te nakom nie. Jy sal altyd goeie gedagtes van so iemand dink. Wanneer iemand iets sleg van 'n ander gelowige familie lid sê, sal jy dadelik ingryp en die regte perspektief deurgee! Dis mos hoe familie maak!

- Goedgesind wil kortom sê **my gedagtes, dade en woorde sal ek so gebruik dat dit niemand benadeel nie**! Dit sluit kwaadpraat, seermaak, en benadeling van jou naaste dadelik uit! Ons almal begeer dat mense ons altyd goedgesind sal wees. Ons sou graag altyd wou ervaar dat mense vir ons goed is! Dis tog lekker om tussen mense te leef wat jou goedgesind is.
- Goedgesind sê **ek is positief oor jou**. Ek gaan nie neutraal, koud of klinies oor jou dink en optree nie. Ek gaan goeie dinge van jou dink, van jou sê en vir jou doen! Terloops dis 'n opdrag wees goedgesind teenoor mekaar! *(Jy kan dit nie doen net vir dat wat jy wil nie)*
- Ek is egter nie so seker of ons as gelowiges in die gemeente altyd so optree nie! Onthou, **sondige optrede teenoor mekaar word gebore uit negatiewe gedagtes oor mekaar.** Ek probeer die afgelope tyd baie hard om, wanneer

negatiewe gedagtes in my kop opkom, daardie gedagtes weg te bid en dit te vervang met positiewe gedagtes en goeie bedoelinge. Dit werk! **My ervaring is dat dit ingeoefen en aangeleer kan word. Die effek daarvan is nogal wonderlik!** Dit laat jou met ander oë na mense kyk (***vgl.Ef.4:23-24***). (*Dikwels sê ons; Jy moet na mense kyk, deur God die Vader se oë. Dis nogal 'n gewaagde beeld. Ek weet nie of ek daardie insig het in mense soos wat God het nie. Tog verstaan ons iets van die bedoeling daar agter, nie waar nie.*) Jy begin mense makliker verstaan. Dit open die weg vir omgee liefde.

3. Nederigheid en 4. sagmoedig

Nederigheid en sagmoedigheid is ons derde en vierde gedragskode in God se familie.

- **Let op: Nederigheid het niks te doen met 'n "ekskuus dat ek lewe" gesindheid nie.** Trouens net iemand met 'n goeie selfbeeld en goeie selfvertroue, kan werklik nederig leef. Jesus illustreer dit in Johannes 13 waar Hy as die leermeester sy dissipels se voete was. Tog het dieselfde Jesus sterk standpunt ingeneem oor vele sake. Hy kon selfs die handelaars met 'n sweep uit die tempel jaag.
- **Nederigheid het ook niks te doen met arm of ryk nie.** Beide ryk en arm kan nederig wees. Nederige mense probeer dus nie om hulself te bewys nie. Hulle probeer ook nie om indruk te skep deur die nuutste modes na te jaag om in te wees nie. Hulle sal bv. nie 'n swembad bou om ook die status te hê wat die res van die buurt het nie. Hulle sal bv. nie duur "Name brands" of motorvoertuie aankoop omdat dit hulle aansien sal laat styg nie. Hulle weet hulle het reeds aansien in God gevind. Hulle waardes is God se waardes. Hulle strewe is om God se waardes uit te leef.
- **Sagmoedigheid beteken ook nie om die minste te wees nie.** Om toe te laat dat almal op jou trap nie, of om nooit standpunt in te neem nie. Sagmoedigheid sê bloot dat ek jou nie veroordeel en afskryf nie. Dat ek nie 'n harde ongenaakbare mens is nie. Ek het begrip. Ek sal nie onredelik teenoor jou optree nie. Ek sal nie my humeur vir jou verloor nie. **Ek sal moedig bly selfs as ek groot teleurstellings moet verwerk.** Jesus Christus is 'n wonderlike voorbeeld van sagmoedigheid. Selfs aan die kruis het die rustigheid uit Hom gestraal. Die Bybel vergelyk Jesus as die Lam (seun) van God met die rustigheid van 'n skaaplam wat ter slagting gelei is en tog nie sy humeur verloor het nie!

- **Om jou humeur te verloor is net mooi die teenoorgestelde van sagmoedigheid.** Jesus vra ons, omdat Hy ons uitverkies het en lief het, dat ons sagmoedig sal leef soos Hy (vgl.Fil.2:5-8)

5. Verdraagsaam en (6.) vergewensgesind

Verdraagsaamheid en vergewensgesindheid is ons vyfde en sesde gedragskode in God se familie.

Onthou ons het nie die luukse om te kies of ons verdraagsaam en vergewensgesind teenoor mekaar wil wees nie. Hierdie gedeelte sê eenvoudig, **omdat** God jou uitverkies het (gered het en in sy familie opgeneem het), **daarom** moet julle verdraagsaam en vergewensgesind wees!

Verdraagsaamheid roep dadelik die prentjie voor ons op van iemand wat geduldig is en begrip het vir jou foute en jou mislukkings. Wat ast'ware vir jou ruimte skep om maar 'n paar foute te maak en uit jou foute te leer! Dit is iemand wat bereid is om jou te begelei in jou ontwikkeling en groei fase van dit waarmee jy besig is!

- **Die teenoorgestelde van verdraagsaamheid is onverdraagsaamheid. Die tipiese gedragspatrone is: kortaf, nukkerig, humeurig, gejaagd, sonder begrip, veel eisend, hiper krities ens.)**
- Kyk ons na **onvergewensgesindheid** dan kom die volgende aaklige gedrag's kenmerke na vore: hou boek van die kwaad. Haal die ou storie op jare nadat die persoon al gesê het: ek is jammer, vergewe my! Is verbitterd, sonder vrede, dink oor en oor aan hierdie onreg wat my aangedoen is. Dit raak later so erg dat dit oorgaan in depressiewe gedrag.

Hoeveel keer moet ek dan vergewe? Ek kan mos nie net aanhou vergewe nie!
Mt.18:22 (**die Boodskap**) antwoord die vraag soos volg: "*Jy moet ander mense elke keer vergewe as hulle jou sleg behandel. Moenie tel hoeveel keer jy ander mense vergewe nie. Vergifnis hou net aan en aan."*
Mt.6:14 (**Amplified**): *"For if you forgive people their trespasses, their reckless and wilful sins, leaving them, letting them go, and giving up resentment, your heavenly Father will also forgive you."*
(**Message**): "*In prayer there is a connection between what God does and what you do. You can't get forgiveness from God, for instance, without also forgiving others. If you refuse to do your part, you cut yourself off from God's part."*

Prof Wentzel Coetzer skryf: ***Vergifnis verwys na 'n wilsbesluit om bitterheid prys te gee en tegelykertyd ook afstand te doen van enige reg tot vergelding tov die seer wat iemand anders jou aangedoen het.***" Eers as jy dit regkry, het jy waarlik vergewe.

Dikwels vertroetel mense verbittering en onvergewensgesindheid omdat hulle meen hul lewe sal weer aangaan en verbeter as hulle die persoon wat hulle te nagekom het terugkry! Die gedagte is dat ons dan "quits" is, "even" is. Die slagoffer dink dikwels deur wraak te neem sal ek ontslae raak van die pyn en trauma wat my aangedoen is. Wat in werklikheid egter gebeur is dat die herhalende wraak fantasieë net die pyn vererger en vermeerder.

- **Vergifnis kom dikwels nie vinnig nie.** Die trauma wat ons beleef het maak dat ons dikwels nie wil vergewe nie. Dink bv. aan plaasmoorde en die belewing van die familie. Vergifnis is dikwels iets wat slegs na 'n lang proses van worsteling met God, moontlik word deur die werking van die Heilige Gees. Soms loop die proses deur fases wat lank kan duur. Die belangrikheid is egter dat ons eventueel by ware vergifnis moet uitkom wat die intellektuele, geestelike en emosionele vlakke van ons menswees insluit.
- **Vergifnis impliseer 'n wilsbesluit, 'n definitiewe keuse**
- **Vergifnis is om die negatiewe gevoelens van die verlede agter te laat.**
- **Vergifnis bring eventueel vrede tussen jou en God. Dit skep die geleentheid om te groei** in jou selfbeeld en jou gawes weer ten volle aan te wend waarvoor God jou oorspronklik geskep het

Daar is 'n rede waarom God ons aanmoedig om mekaar te vergewe. Iemand wat nie sy medemens kan vergewe nie, maar bitterheid vertroetel sal uiteindelik hulself en die mense rondom hul verwoes. Navorsing het al aangedui dat bitterheid en haat uiteindelik siekte in jou liggaam kan aktiveer. Depressie is maar een voorbeeld. Daar is baie soorte spanningsverwante siektes wat na vore kan kom. Jy sit dalk met 'n liggaamlike probleem waarvoor jy lankal bid en geen beterskap vind nie. Dit sou kon wees dat daar 'n verband is tussen jou fisiese probleem en 'n bitterheid waarvan die wortels baie ver terug gaan in die verlede.

- **Vergifnis beteken nie om die verlede eenvoudig te vergeet nie.** Mense wat sê vergewe en vergeet weet nie waarvan hulle praat nie. Dit is nie so eenvoudig nie.
- **Vergifnis beteken nie om die oortreder of die impak van die daad af te maak nie.** Ons maak nie ’n oortreding sommer af nie. Om bevry te word van die pyn, is dit dikwels juis nodig om die pyn ten volle te erken. Om te erken hoe jy voel oor dit wat gebeur het. Daar is nie noodwendig sonde aan die emosies van woede nie, maar dit moet erken word en ons moet aanbeweeg na wat God wil hê ons moet wees. (Daarom beteken dit nie dat ons die oortreding bloot oor die hoof sien, goedkeur of toelaat dat dit nie weer gebeur nie.)
- **Vergifnis is ook nie ’n teken van swakheid nie.** (mans is geneig om te redeneer hulle is swakkelinge as hulle iemand vergewe).
- **Vergifnis is ook nie sinoniem met versoening en vertroue nie.** Mense vra dikwels waarom vertrou jy my nie. Ons is dan nou versoen met mekaar. (Vertroue is om te glo in iemand se integriteit. Dit volg gewoonlik eers as daar ’n lang gesonde verhouding gebou word.)

Waarom moedig die Bybel ons aan om mekaar te vergewe? ’n Gebrek aan vergifnis kan aaklige simptome in ons karakter na vore bring. Dit is gewoonlik simptome wat ’n gelowige familie geleidelik verwoes. As daar sulke simptome in my lewe is, moet ek weet, ek sukkel waarskynlik nog om iemand te vergewe. **Kom ek noem ’n paar van hierdie aaklige simptome:**

Sarkasme, haatdraendheid, woede, rugstekery, afbrekende kritiek, gegriefdheid, suspisie, bitterheid, wantroue t.o.v. ander, sinisme, sensitiwiteit vir kritiek, wraakgedagtes, angs, veeleisendheid, depressie, uitputting, spanning, gebrek aan vreugde en vrede, gemoedswisselinge, vind dit moeilik om ander se foute en tekortkominge te akkommodeer.

Ware vergifnis kan jou help dat al hierdie simptome uit jou lewe weg gewas word.

7. **Die sewende en laaste gedragskode** in hierdie nuwe familie waaraan jy nou behoort is.... ?

Kyk of jy dit self kan raaksien! Jesus noem dit die belangrikste van alles... Dit is ook die hoof kenmerk van God (1Joh.4:7-8)

Ons skrifgedeelte sluit af met die eenvoudige woorde: *"Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.* ***Bo dit alles moet julle mekaar liefhê.*** *Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee." Kol.3:13-15*

God het jou baie lief. As jy 'n kind van God is, kan ek met vrymoedigheid verklaar: God het jou uitverkies en jou die geleentheid gegee om 'n nuwe lewe in Christus se familie te leef.

Gryp hierdie nuwe lewe aan. Neem 'n wilsbesluit om soos Christus, in 'n nuwe verhouding met die Vader en jou mede familie te leef! Gryp hierdie sewe gedragskodes. Beklee jou met God se liefde! Kom geniet die volheid van die lewe wat Christus vir jou moontlik gemaak het(Joh.10:10).

- En as jy vandag besef het dat daar 'n paar verstellings is wat jy aan jou eie lewe moet maak om hierdie nuwe lewe in Christus se familie te beleef, nooi die Heilige Gees jou om vandag 'n wilsbesluit te neem en dit reg te stel.

Amen.